PLUS CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
ASPU
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

JAARGANG XXXIV NOMMER 24 19 OKTOBER 1979

# Primarius het probeer keer

**"Ek en die Huiskomitee het alles in ons vermoë gedoen om enige vorm van 'n 'tekkiepaartie' te probeer voorkom. Ander inwoners het egter steeds voortgegaan met die reël daarvan en dit het toe laat in die nag plaasgevind," het mnr Joggie van Staden, primarius van Caput aan Die Wapad gesê.**

Mnr. Van Staden sê hierdie partytjie het plaasgevind toe die huiskomiteelede van die vorige termyn reeds uitgetree het, en die nuwe HK-lede nog nie hulle voete gevind het nie. Die nuwe huiskomitee is egter nou goed op dreef. Sulke dinge sal nie in die toekoms geduld word nie, het hy gesê.

"Ek is hier verkies as primarius en ek moet my onderwerp aan die reëls wat van hoër gesag kom. Ons sal sorg dat daardie reëls deurgevoer word."

## Studeer doelgerig vir resultate

**Almal het sekerlik weer hierdie bloktyd met hoë ideale binnegegaan en met stukkende senuwees en ongedane werk anderkant uitgekom.**

Die heel belangrikste wenk om vir die eksamen te onthou, is om alle negatiewe elemente uit die omgewing te verwyder; mens se senuwees kan heeltemal goed daarsonder. Verder moet mens werk in die tye wat vir studie eenkant gesit is en in ontspanningstyd heeltemal van werk vergeet. Ruskansies tussen studieperiodes verloor alle waarde wanneer dit aan bekommernis oor ongedane werk gewy word.

Organisasie is die wagwoord tydens voorbereiding vir die eksamen. Tydsindeling moet realisties wees; uit ervaring van toetse gedurende die jaar kan mens met redelike sekerheid 'n eie studietempo voorspel.


Dit is verder belangrik om;
- oor 'n verspreide tyd te studeer
- 'n definitiewe studietyd en -plek te hê
- fisies gesond te wees; met ander woorde genoeg te slaap, genoeg oefening tekry en genoeg te eet. Los maar die dieet vir die vakansie; as sjokolade en skyfies help om spanning af te werk, gaan gerus voort.

Vir daardie slaperige gevoel is dit goed om net vir vyf minute lank op te staan, rond te loop of die stuk werk hardop en dramaties voor te lees. Onthou verder dat werk wat mens eerste en laaste bestudeer die beste onthou word, moet dus nie altyd van voor na agter werk nie. Dit is ook 'n goeie idee om oor die werk te slaap. As dit dan die volgende oggend deurgegaan word, kyk slegs na die hoofopskrifte en probeer die skema memoriseer.

Eindelik is mens dan in die warm eksamenlokaal. Begin sistematies die instruksies lees en teken dan aan hoeveel vrae gedoen moet word. Besluit hoeveel tyd aan elke vraag afgestaan kan word HOU DAARBY. Vier vrae waarvoor elk 'n totaal van ses uit tien behaal word gee oneindig beter resultate as twee neges, en nulle vir die laaste twee vrae.

Begin by vrae wat die beste bestudeer is, dit gee mens selfvertroue vir die moeiliker vrae. Skryf leesbaar en begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Dit laat die dosent se oog rus voordat hy met 'n nuwe vraag begin. Moenie paniekerig raak as die tyd min word nie, en moenie huiwer om beswaar aan te teken as 'n dosent se heen-en-weer lopery of gefluister jou aandag aftrek nie.

Ten slotte rus vir 'n sessie na elke vraestel. Andersins sal werk wat mens pas neergeskryf het, met nuwe stof interfereer.



Prof. Thomas Molnar.

## Molnar vir SA

**Prof. Thomas Molnar, wat onlangs 'n toekenning vir fiksheidsoefeninge van die PU ontvang het, kan as 'n vriend van Suid-Afrika beskou word.**

Hy is 'n wêreldreisiger wat al sowat tagtig lande besoek het en reeds twintig boeke laat verskyn het. Tans is hy besig met 'n werk oor "Wider implications of Russian imperialism in Africa and Third World problems in general."

Prof. Molnar het sy vaderland, Budapest, ná die Tweede Wêreldoorlog toe die kommunistiese bewindsoorname gedreig het, verlaat. Sedertdien is hy in die VSA woonagtig. Hy het onder andere in Hongarye, Roemenië, België en die VSA gestudeer. Sy doktorsgraad is aan Columbia-Universiteit (New York) verwerf. Hy is reeds lank professor aan een van die samestellende kolleges van die City University of New York.

Sy besondere belangstellingsgebied is die Filosofie, Geskiedenis en Staatkunde. In die lig van al sy kwalifikasies en ondervindinge, kan hy as iemand wat behoudende standpunte huldig, gesien word.

Hy voel sterk dat dit vir Suid-Afrika onnodig is om gedurig verskoning van die buiteland te maak. Iemand wat verskoning maak is noodwendig skuldig. Verder voel hy dat Suid-Afrika sterker op die aanval behoort te wees.

Prof. Molnar sê voorts dat die Afrikaanse student goed met die van die res van die wêreld se studente, vergelyk.

- Gemengde huwelike

# SR steun PW-beleid

**Die vraag na die politieke funksie (indien enige) van die Studenteraad, het op die laaste vergadering van die SSR weer ter sprake gekom. Dié kwessie was 'n faktor in die laaste SSR-verkiesing toe sommige kandidate van mening was dat die SSR as liggaam geen politieke uitsprake moet maak nie.**

Op die SSR-vergadering van 1 Oktober is 'n mosie ingedien waardeur 'n definitiewe politieke standpunt ingeneem word. Die mosie is ingedien deur mnr. Josef Kruger en is gesekondeer deur mnr. Hugo Pienaar. Volgens die mosie neem die SSR "met goedkeuring kennis ... van die veranderde houding van die regering teenoor andersskleuriges in Suid-Afrika, soos blyk uit die uitlatings van sy Edele die Eerste Minister mnr. P.W. Botha, en uit die optrede van die Minister van Samewerking en Ontwikkeling, sy Edele Minister P. Koornhof."

Volgens die tweede deel van die mosie, doen die SSR 'n beroep op die regering ... om in opvolging van die Eerste Minister se uitlating ten opsigte van die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet, daadwerklike stappe te neem om hierdie onnodige wetgewing van die Wetboek te verwyder; dat hierdie stappe in die regte klimaat geneem word met die oog op die afskaffing van die genoemde wette."

Mnr Sorgdrager het hom van die mosie gedistansieer omdat hy meen dat die SSR hom nie met politieke sake moet bemoei nie. Mnr Cornè Mulder was een van die persone wat teen die mosie gestem het. Hy gee as rede ten eerste aan dat hy beswaar maak teen die "styl van dr. Koornhof en mnr. P.W. Botha waardeur nuttelose verwagtinge met korttermyn sukses geskep word." Teen die tweede deel van die mosie het hy as rede aangevoer die "noodwendige komplikasies met die afskaffing van hierdie wet waardeur die wese van die beleid van afsonderlike ontwikkeling in gedrang kom."

Die mosie is met 'n meerderheid van stemme aanvaar.

## Kampustrui nou beskikbaar



**'n Nuwe kampustrui word binnekort deur die SSR beskikbaar gestel. Die trui is in maroen en beige beskikbaar, en is toe voor, met 'n V-hals.**

Met die vervaardiging van die PU-wapen wat links bó op die trui verskyn, het 'n fout ingesluip. As gevolg hiervan was die kampustrui later beskikbaar as wat aanvanklik beplan is.

Hierdie truie kos R12 elk, en kan by die SSR-kantoor gekoop word.

## Hiemstra kry ere-professoraat

**Tydens die afgelope SRVP-afskeidsdinee het die dekaan van die Regsfakulteit, Prof H.N. Pretorius aangekondig dat Sy Edele Regter Hiemstra, Hoofregter van Bophuthatswana 'n ere-professoraat aan die fakulteit aanvaar het. Die besonderse aanstelling is deur die departement Proses- en Bewysreg gedoen.**

Regter Hiemstra sal elke jaar 'n reeks lesings aan veral seniorstudente aanbied. Die lesings het ook as doelstelling die stimulering van navorsing.

Na die aankondiging van prof. Pretorius het regter Hiemstra gesê hy is verheug oor die hartlike verwelkoming van die studente. Hy het bygevoeg dat dit vir enigeen 'n voorreg is om aan die Regsfakulteit van die PU verbonde te wees.

## Oriëntering in Thaba Jän

**Ná 'n ondersoek het Die Wapad 'n paar weke gelede berig dat eerstejaars Thaba Jäh verlaat het omdat sommige seniors hulle aan drankmisbruik skuldig gemaak het.**

Hierdie berig en ander gedeeltes van berigte is deur die Vaderland gebruik in 'n negatiewe berig oor, soos hulle dit genoem het "ontgroening".

Die vorige en die nuwe primaria van Thaba Jäh het by die kantoor van Die Wapad besoek afgelê. Tydens dié besoek is die beriggewing oor oriëntering in hierdie koshuis bespreek.

Die Wapad het tot die gevolgtrekking gekom dat die berig oor Thaba Jäh nie korrek bewoord is nie. Die feit dat daar in elke koshuis 'n mate van drankmisbruik voorkom, is nie te betwyfel nie. Dat al die eerstejaars wat Thaba Jäh verlaat het, dit as gevolg van drankmisbruik gedoen het, is egter onwaar. Dit kon nietemin by sommige gevalle een van die redes gewees het.

## Howard Presteer

**Mnr. André Howard,** SSR-lid vir komitees, het die tweede plek in die konsert na afloop van die Meesterkursus, behaal.

Nuut op die Bult Tel. 8071
Guys & Dolls-haarsalon tot u diens! Ons bied spesiale pryse aan alle mans- en damestudente vir die sny en droogblaas van kapsels, en wat meer is, ons is kunstenaars op die gebied van sny volgens gesiglyne.
Verlang u 'n perm, kan ons u die volgende aanbied teen sub-ekonomiese pryse:
MINI VOGUE vir slegs R11,40
NATURAL STYLE en STYLE FORM R15,70
'n Bietjie duurder, maar tog so elegant, is Perfect Touch, Design, Stag, Coiling en Piggy Back-perms.
En onthou tog, die sny by 'n perm is heeltemal gratis! Vir spesiale geleenthede, of as u sommer lus voel om bietjie anders te lyk, kom sien ons oor 'n set, of 'n tint, of albei — watwou!

GUYS & DOLLS Tel. 8071

die WAPAD

# Mosie

**Die politiese-mosie wat onlangs deur die SSR van die PU aangeneem is, het weer die vraag oor politieke standpuntinname deur die studenteraad laat opduik.**

**Hoewel 'n sekere mate van politiese betrokkenheid as noodsaaklik gesien kan word, is dit nie die grondliggende taak van die SSR nie. Mag die studenteraad sy posisie gebruik om 'n standpunt namens die massa te stel?**

**Aangesien hierdie mosie nie veel gewig by die regering sal dra nie, wonder mens of dit nie meer doeltreffend, veral op lange duur, sou wees om landsake intern doelgerig te ondersoek nie.**

**Interne politiese betrokkenheid is al 'n cliché, en tog word daar weinig daadwerklike pogings van studenteraadskant aangewend om soveel as moontlik studente op eie kampus in te lig, en om 'n doeltreffende forum vir bespreking te bied. Die meeste georganiseerde aksies van die Politiese Raak word relatief swak ondersteun. Die fout lê hier nie by die organiseerders nie, maar by die instelling van die breë Puk-student. Hier is 'n gebied waar die hand met vrug in eie boesem gesteek kan word.**

# Eksamen

**Die Wapad wil alle Puk-studente sterkte met die eksamen toewens. Ons hoop dat die artikel oor doelgerigte studies sal help om eksamenpyne te verlig.**

**Onthou deurentyd dat ons ons beste werk kan lewer, maar dat niks sonder die seënende hand van Bo bereik kan word nie.**

# SSR verlê brief

Geagte Redakteur

Dit is met 'n mate van huiwering dat ek hierdie skrywe aan u rig, want ek is 'n bietjie onseker wat presies my te doen staan. Ek het onlangs op versoek van die SSR 'n kort stukkie vir Die Wapad geskryf oor 'n sekere mnr. Peter Moll (voorheen SR-voorsitter van UCT) se skrywe aan die SSR van die PU vir CHO. In hierdie brief (wat aan verskeie instansies gerig is) het mnr. Moll sy redes uiteengesit waarom hy weier om nasionale diensplig te verrig (hy noem dit **"selective conscientious objection"**). omdat ekself hierdie saak in 'n baie ernstige lig beskou, het ek aansienlik baie moeite gedoen om sy redes te ondersoek en 'n beginselbegronde antwoord daarop te formuleer. Volgens 'n besluit van ons SSR sou hierdie antwoord in die vorm van 'n ope brief aan mnr. Moll in Die Wapad verskyn, en 'n afskrif van hierdie brief sou op sy versoek aan mnr. Moll gestuur word. Nadat ek hierdie ope brief aan Die Wapad se redaksie gegee het, het ek egter nog geen verdere woord daarvan gehoor nie.

Aangesien mnr. Moll binnekort tronk toe sal gaan vanweë sy herhaalde weiering om nasionale diensplig-oproepe te gehoorsaam, beskou ek dit as 'n taamlik haastige saak. Omdat ek verneem het dat Die Wapad nog eenmaal hierdie jaar verskyn, het ek besluit om hierdie brief te skryf in die hoop dat u dan sal toesien dat die ope brief aan mnr. Moll daarin verskyn.

By voorbaat dank
Die uwe
**André van der Walt**

**Redaksielede van Die Wapad wat by dié brief betrokke was, het alles in hulle vermoë gedoen om dit van die SSR terug te kry. Die brief is ná ontvangs aan die SSR oorhandig omdat hulle kommentaar daarop wou lewer. Ná herhaalde navrae aan mnr. Jan Botha, ondervoorsitter van die SSR, is verneem dat die brief verlore geraak het. Daarom kon Die Wapad dit ongelukkig nie publiseer nie — Red)**




**Lesers word vriendelik uitgenooi om briewe aan Die Wapad te stuur vir publikasie. Briewe mag onder skuilname geskryf word. Let egter asseblief daarop dat u volle naam en adres die brief moet vergesel — anders kan dit nie gepubliseer word nie. Ons waardeer u samewerking in dié verband. — (Red.)**

# Dosente prettig

Die Redakteur

Na aanleiding van u artikel in Die Wapad **"H.O.D. (G) Tydmors of nie?"** wil ek as meelewende H.O.D.(G)-student my mening lug. Ek sal nooit sover gaan om te sê dat die eenjarige diploma tydmors is nie. Kom ons kyk na die verskillende groepe en hoe hulle hul tyd nuttig bestee.

1. "Jollers" — draf net die eerste week klas om te bepaal watter diktate hulle nog nie het nie. Terloops, daar word ongeveer 'n diktaat per dag behandel in die H.O.D.(G)-jaar. Die res van die jaar is hengel en snoeker die hoofdis. Natuurlik moet hulle met die jaarlikse praktykdag teen middel-September die dekaan van Opvoedkunde gaan sien omdat daar fout gekom het met hulle gerekenariseerde tydkaarte (nuwe metode om klasbankers vas te vat — nie effektief).

2. Gematigdes — dis die groep wat die swaarste kry in die H.O.D.(G)jaar. Dis die mense wat net nou en dan 'n klassie afgee en dan in die vreeslikste moeilikheid kom. Dis die mense wat nie die gawe besit om elke "Opvoedkundevader" (daar is ongeveer 221) se werk te waardeer en glad nie die implementering daarvan in die praktyk kan raaksien nie. Die meeste van die sogenaamde "Vaders" het self nie kinders gehad nie, altans nie by 'n lewende vrou nie.

3. Akademiese wrakke — vir hulle is daar nou die geleentheid om 95% plus te behaal want hulle kan nou net eenvoudig 'n klomp goed swot, sonder om te verstaan, sonder om te weet hoe om in 'n praktiese situasie 'n kind te hanteer, en dit alles weergee. Dit is die mense wat die vlermuise in die ander twee groepe se hare is as dit nou kom by die reël van 'n massa. Hierdie mense put 'n absolute bevrediging daaruit om die Vrydagmiddag net voor Intervarsity persoonlike kontak met die dosente te maak, want hulle is dan al wat klasdraf. Hulle wil net huil as jy praat van 'n massa.

Van die hele H.O.D.(G)-stelsel is dit sekerlik die dosente wat die prettigste is. Die mense wat in jou kritiekklasse kom sit en sê jy mag nie sò of sò maak nie. Maar in hulle eie klasse geskied die teenoorgestelde. 'n Mens kan seker ook nie anders wees as jy besluit om die dosering van opvoedkunde jou roeping te maak nie.

Laastens wil ek sê dat ek eerder dink H.O.D.(G) is geldmors omdat:
1. Hordes dosente nodig is.
2. Die klasgeld kos studente R500 per jaar, plus R750 losiesgeld, plus die honderde diktate terwyl hy in daardie jaar dalk as 'n praktiese jaar reeds onderwys gegee het. Ag, die ou storie dat jy nie effektief kan klasgee sonder 'n diepgaande studie van die kind nie, is sommer twak. Hoeveel dosente is aan die PU wat enige opvoedkundekwalifikasie het?

**Ag nou ja, ek het afgeblaas- die gedagte van H.O.D.(G) is mooi.**
**Kaaspaas**

# 48-Taktiek ontstel

Geagte redakteur,

As die standaard van die nuwe Wapad-redaksie se berriggewing gemeet moet word aan die voorbladberig van die vorige Wapad, sien ek vir ons 'n donker jaar voor. Dit is 'n erkende joernalistieke feit dat deurgaans gepoog word om in beriggewing feite en kommentaar sover moontlik te skei. Ek sou geen beswaár teen u voorbladberig "Conniemanne gebruik '48 taktiek" gehad het as dit 'n feitelik korrekte berig was met op die hoofartikelblad 'n ander berig waarin die Wapad kommentaar lewer nie. U kon selfs die snedige trant wat nou in die berig gebruik word, in die kommentaar gebruik het. Die leser sou dan egter duidelik tussen die feite van wat die aand daar gebeur het en Die Wapad se siening daarvan kon onderskei. Dat dit swak joernalistiek is, blyk uit die volgende foute in die berig:

1. Daar was beslis nie ongeveer 500 mense nie, maar meer as 600 getel.
2. Die Aksiefront is duidelik nie as 'n party voorgehou soos u koerantskrywer beweer nie. Inteendeel is daar duidelik gestel dat 'n party eers tot stand sal kom as daar 'n breë gevoel daarvoor is en dat volledige

Vervolg op bl. 4

# *Uit die woord*

*Matt. 10:32: "Elkeen dan wat my sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is".*

*Ek moet erken; as 'n mens hierdie woorde van die Here Jesus lees klink dit nogal kras. Hoe maklik gebeur dit dat ons vir die liewe vrede stilbly as die eer van die Here op die spel is. Ons is skugter, teruggetrokke. Soms miskien selfs lafhartig. Ons verloën Hom van tyd tot tyd.*

*Ons moet van die erns van Jesus se woorde niks weg neem nie. Hy bedoel werklik wat Hy sê. Hy praat van die groot geveg wat Hy op die aarde aan die gang kom sit het. Ek het gekom om vuur op die aarde te gooi, die swaard, sê Jesus (vers 34). Die mense word verdeel in pro-Christus en anti-Christus. Om Christus te bely beteken eintlik in hierdie verband om openlik sy kant te kies. Die skeiding sal selfs deur die gesinne sny (vers 35 en verder). Hierdie woorde veronderstel dat daar 'n geweldige geveg aan die gang is. Hierdie geveg duur al eeue lank. God veg teen Satan. Hy wil ons mense weer getrou kry in die stryd. Hoeveel keer het die mense God in die steek gelaat!*

*Here Jesus Christus het gekom. Hy het die stryd teen die duiwel bo enige twyfel gestel. Hy het die duiwel keer op keer oorwin. Met die kruis en die opstanding van Jesus het God die oorwinning oor die Satan glashelder aan die lig gebring. Die duiwel het geen kans meer in God se skepping nie. Hy kan nou nog net klippe in die pad rol. Hy weet egter dat sy tyd kort is.*

*Verstaan u nou hoekom Jesus so skerp praat oor ons kantkies? Ons mag nie meer so blind wees om nie sy oorwinning te sien nie. Waarom het God dan alle moeite gedoen om Sy Seun na die aarde te stuur en die groot teëstander hier te kom verslaan? Geen mens durf optree asof niks gebeur het nie. Omdat God sovéél gedoen het om ons te bevry, is Jesus so beslis oor ons onomwonde keuse.*

*Aan wie se kant is jy?*

*Daar is 'n geveg aan die gang waarin die wenner Homself reeds bewys het. Belydenis van Christus beteken dat jy jou agter die oorwinnaar skaar. Hier kan geen draadsitters wees nie. Hier is nie 'n pawiljoen vir toeskouers en buitestaanders nie.*

*In die groot stryd van die geskiedenis is daar net deelnemers.*

*Ons moet dit sien as die grootste denkbare voorreg om in die gelid van Christus die Koning te wees. In ons daaglikse volharding in geloof en gehoorsaamheid marsjeer ons saam na die groot oorwinningsoptog.*

**BOEKE-**
**UITVERKOPING**

OPVOEDKUNDIGE
TEOLOGIESE
NATUURWETENSKAPLIKE

*en 'n groot verskeidenheid ander boeke, word teen ¼ van die gewone prys verkoop.*

*Kom kyk gerus!*

**PRO REGE**
UITGEWERS & BOEKHANDELAARS
Tomstraat 86 Potchefstroom **Tel: 8875**



*Tydens Vergeet-my-nie se dinee is mej. Diana Basson (links) as die Vergeet-my-nietjie van die jaar aangewys. Mej. Basson is 'n derde jaar BSc-student. Sy is baie aktief in die koshuislewe en is onder-primaria van Vergeet-my-nie.*



*Hulle wou net een kies, toe is daar sommer twee! Vergeet-my-nie het tydens hul dinee die twee beste eerstejaars aangewys. Hulle is mej. Marieta du Raan (links), 'n BA student, en mej. Daleen Swanepoel (regs), 'n BSc-student. Mej. Mariska Spoormaker en mej. Diana Basson het die aankondigings gedoen.*



*Uitspan het vanjaar weggebreek van die gewone. Hulle formele dinee het die vorm van 'n braaivleis aangeneem. Op die foto verskyn 'n paar van die inwoners met hul metgeselle om die kampvuurtjie.*






*Mej. Sandra Slabbert is tydens Wag-'n-Bietjie se koshuisdinee aangewys as Door '79. Haar metgesel is mnr. Jan Theunissen.*



*Mnr. en mev. J.A. Schutte saam met Wag-'n-Bietjie se huiskomitee tydens hul koshuisdinee.*



*Mnr Eugene du Plessis is vanjaar as Caput se Sportman van die jaar aangewys. Tydens Caput se geselligedinee het Eugène die Willie Erasmus-sportbeker in ontvangs geneem.*



*Sommige dames is "geharde drinkers". Hier is die bewys — die HK-lede van Oosterhof het 'n fn26boatrace binne vier tellings voltooi. Die "gedrinkery" het tydens Oosterhof se dinee plaasgevind.*



*'n Paar mooi dames en hul metgeselle tydens Klawerhof se dinee. Dit lyk egter asof sommige van die gaste mampoer gedrink het!*


# Wapadjies

**Bel Jacques by 3468 (Klooster) en laat 'n boodskap.**

**BLY RY EN RY BLY:**
Nigrini Batterye is die naam as jy jou motor wegspringgereed wil hou - sonder sweet, sonder bloeddruk en teen 40% korting, spesiaal vir PU-studente lag jy heelpad bank toe op sakgelddag. Storm sommer nou na Lombardstraat 27 vir jou battery. Tel. 7805.

**HOOR EN SIEN VERGAAN?:**
Radio- en TV-dienste het 'n wye reeks batterye vir rekenaars, horlosies, radio's of wat ook al. Ons kitsrekenaars en Aiwa stereo audioversterkers vir motorradio's is ons trots – die beste op Potch, Lombardstraat 42.

**BLOMME, BLOMME, BLOMME:**
Ruikers, groot en klein, lieflike vars snyblomme en potplante wat jou jarelank geluk sal gee, is altyd te kry by FLEURETTE BLOEMISTE. Ons het ook ingevoerde syblomme wat so mooi is dat jy nie kan ophou kyk daarna nie. Maak gerus gebruik van ons KBA diens. Dit kos niks ekstra nie. FLEURETTE BLOEMISTE, Kerkstraat 83, Tel. 4062.

**RIETSKRAAL**
Verslank met Shape teen slegs R3,00 per blik by die Bult Apteek beskikbaar. Tomstraat 88. Tel. 5943.

**JEANS DENIM DEN**
Vir mans en dames die grootste verskeidenheid denimjeans, kakieklere en Lee's koortfluweelskeppings in Potch teen die billikste pryse. As ons iets nie het nie, sal ons dit vir u kry, want vriendelike diens is ons leuse. Besoek ons by winkel no. 4. JAYS UITRUSTERS. Tel. 8791. Indiërsentrum.

**TROUKAARTJIES:**
Ons het, letterlik, eenduisend-voorbeelde van troukaartjies en bybehore vir daardie mooiste dag in u lewe. Ons nooi u om gerus ons katalogus te kom deurkyk, sodat u die heel beste keuse kan maak. Ons verseker u van persoonlike aandag en sal graag u vrae beantwoord. Adres: Kerkstraat 77. Kom besoek ons op kantoor tel. 7960. Na-ure 24574.

**LOMP EN DOM** met seminare en tikwerk? Skakel-mev. Laubscher by tel: 21232, Kruisstr. 136 vir vinnige tikwerk en billike tarief.

CERT N T SHIRTS
HIGH QU ITY SILKSCREEN
PRINTERS
4 Grobler Stre Potchindustria
Te 23863



*Die wenners van die koshuissportkompetisie, Dinki en Over de Voor, het elkeen 'n bedrag van R500,00 ontvang wat vir die bevordering van sport gebruik sal word. Die voorsitter van die Sportraad, mnr. Piet Groenewald, het die tjek van mnr. Louwtjie van Rensburg van Pat's Harolds-motororganisasie, in ontvangs geneem. Hanlie Prinsloo, primaria van Dinki en André Markgraaf, sportvoorsitter van Over-de-Voor, het die geld namens hulle koshuise ontvang.*

# KORT-SPORT

## Muurbal Rondomtalie

**Die PU-Muurbalklub reël 'n prestige rondomtalie. Dertig mans en vyftien dames neem op uitnodiging deel. Dit vind vanaf 15 tot 19 Oktober plaas.**

Die Sforzando-rondomtalie sal 'n jaarlikse instelling word. Slegs studente word uitgenooi.

# Maties geniet Neelsie

**Mnr. H.S. Pretorius, die administrasie hoof van die Langenhoven-studentesentrum van die Universiteit van Stellenbosch, sê die belangrikheid van "Neelsie" neem nog steeds toe.**

Die hele universiteitsgemeenskap trek voordeel daaruit. Alle amptelike funksies word daarin gehou en die sportafdeling maak ook daarvan gebruik.

Personeellede word nie bo studente bevoordeel as dit by plekbespreking kom nie. Daar was egter al uitsonderinge. Met die funksie van die uittredende rektor was net die danssaal groot genoeg. Met die Mej. Kampus-wedstryd was die sentrum ook gesluit omdat die lawaai van die televisie hinderlik was.

Mnr. Pretorius glo nie die kombuis van die sentrum het 'n monopolie op die spyseniering nie. Die kombuis is nie op winsbejag ingestel nie. Die personeel word besoldig deur 'n sekere brutowins op die spyseniering te neem. Studente wat hulle eie kreef uitduik kan dit na die sentrum bring.

# BRIEWE VERVOLG

Vanaf bl. 2

beleid dan by 'n kongres bepaal sal word.

3. U skrywer het duidelik nie na die galery se meer as 80 mense gekyk toe hy beweer het die meerderheid mense is bo veertig nie.

4. Daar is nooit deur enige spreker gedurende die vergadering die algehele fisiese verwydering van die swartman uit SA bepleit soos u skrywer beweer nie.

5. Dat die Transvaalse volkslied gesing is om emosies op te wek. Dieselfde volkslied is vanjaar en nog elke jaar by die Transvaalse Nasionale Party-kongres gedurende die opening en by talle politieke geleenthede gesing.

6. U skrywer lei af dat die aksiefront in HNP-velde wei en verswyg doelbewus dat van die verhoog af uitdruklik gesê is dat die Aksiefront geen verbintenisse het of wil hê met die HNP nie.

Dit is wel eienaardig, en ek sou graag die Wapad se rede daarvoor wil hê, dat Die Wapad moeite doen om berig te doen oor 'n aksie wat niks met die universiteit te doen het of op die kampus plaasgevind het nie. Ons het nog nooit van te vore berigte oor politieke vergaderings van die Nasionale Party of ander groepe wat in die dorp plaasgevind het, in Die Wapad gelees nie. Wat sou die doel wees?

**Corné Mulder**

**Ek antwoord u brief deur die voorbeelde van "swak joernalistiek" puntsgewys te weerlê. 1. Die getal is deur mnr. Kobus Grobler geskat;** hy het nie die mense by die deur gestaan en tel nie. 500 is in elk geval redelik akkuraat, aangesien min mense so 'n groot skare op honderd na korrek kan bepaal.

2. Indien dit werklik 'n feitefout is, maak Die Wapad verskoning vir die bewering dat die Aksiefront as 'n party voorgehou is.

3. Is 80 die **meerderheid** van 600?

4. Die fisiese verwydering van die swartman uit **blanke** Suid-Afrika is wel gedurende die vergadering bepleit.

5. Die feit dat die Transvaalse Volkslied by talle politieke geleenthede gesing word, ontken nie die feit dat dit emosies opwek nie. Ek vind dit interessant dat u self nie hierdie feit weerspreek nie.

6. Om in velde te wei impliseer juis nié persoonlike verbintenis met die party self nie.

7. Alle sake wat studente raak, moet en kan in Die Wapad gedek word. Daarom is in die verlede ook verslag gedoen oor sake wat nie direk met die studentelewe verband gehou het nie. Dit het nie noodwendig op die gebied van politiek betrekking nie. Daarom het ons per geleentheid inligting oor nuwe winkelsentrums in Potchefstroom verskaf. Die vergadering wat hier ter sprake is, is buitendien op die kampus gepropageer. Om hierdie rede sou studente wat nie self daar kon wees nie, wou weet wat gebeur het. — Red.

Geagte Redakteur

Ek is bewus daarvan dat u en u redaksie poog om die hoë standaard van Die Wapad te probeer handhaaf. Daarom glo ek dat enige kritiek en raad sal waardeer word. Ek het o.a. opgemerk dat u 'n paar punte op 'n groot plakaat in u kantoor aangestip het waarvolgens beriggewing moet geskied. Een van hierdie punte is dat berigte objektief moet wees en geen subjektiewe kommentaar moet bevat nie. Graag sal ek ook aan u raad verskaf; miskien moet u eers die berigte wat geplaas gaan word self deurlees. (verál die hoofberig van elke uitgawe).

Ek noem vir u 'n paar voorbeelde uit die hoofberig van Die Wapad van 5 Oktober 1979. Die hoofberig is geskryf deur Kobus Grobler.

1. Onderwyseres se status en veral hulle salarisskale is 'n punt waarmee die Aksiefront probeer stemme werf. Wie op die vergadering het so gesê? Die status en salarisskale van onderwysers is wel 'n punt van ontevredenheid by die Aksiefront, maar daar kan mos nie ongemotiveerd beweer word dat hulle probeer stemme werf nie. Verder kan die Aksiefront nie "stemme werf" nie — dit is tog slegs 'n politieke party wat stemme kan werf (Kobus, 'n voorbeeld van politieke partye is die NP; die HNP of die PFP).

2. "Dr Mulder bepleit die fisiese verwydering van die swart man uit blanke Suid-Afrika. Dit op sigself bewys dat die Aksiefront in HNP-velde wei." Dr Mulder het nooit die fisiese verwydering van die swartman uit blanke SA bepleit nie. Daar is dus geen "bewys" daarvoor dat die Aksiefront in HNP-velde wei nie. Hier is egter "bewys" dat Kobus Grobler graag sou wou "bewys" dat die Aksiefront in HNP-velde wei. Hy is dus subjektief.

**Kobus Petzer**

**Ek waardeer u opmerksaamheid oor die standaardhandhawing wat deur redaksielede van Die Wapad nagestreef word, maar wys u graag daarop dat ons uit die aard van die saak nie sommer "enige kritiek en raad sal waardeer" nie — dit mag ons hoë standaard in gevaar stel. Redaksielede van Die Wapad is immers aangestel omdat hulle die beste (uit al die studente wat aansoek om poste gedoen het) toegerus was vir hulle taak. Daarom kan enige kritiek, waaronder vanselfsprekend ook leke-kritiek, nie summier aanvaar word nie.**

**Dit is nie die taak van Die Wapad om sy tegniese funksionering in die briewekolom te verduidelik nie, maar dit blyk werklik nodig om 'n paar elementêre beginsels aan u voor te lê. Eerstens weet u seker self dat geen ongetikte berig of brief (soos u eie brief!) aan die drukkers gestuur kan word nie; berigte word dus reeds een keer deurgelees gedurende die tikproses. Verder word elke berig of brief deur die redakteur van daardie blad, deur ten minste drie tegniese versorgers, deurgelees. Uiteindelik keur die SSR-verteenwoordiger van Die Wapad alle voorbladartikels ook self.**

**Dit is jammer dat u nie die naam van die artikelskrywer (bo-aan die artikel) raakgesien het nie- dit was tog heel prominent. Hierdie byvoeging dui daarop dat die artikel die (subjektiewe?) mening van mnr. Grobler weerspieël. Weens 'n drukkersfout is verdere besonderhede oor die aard van die artikel per abuis onder die opskrif weggelaat. Moontlik het hierdie flater onsekerheid teweeggebring.**

**Die res van u brief stem ooreen met dié van mnr. Corné Mulder, en word daarmee saam beantwoord. Die Wapad maak egter weer verskoning indien daar enige feitefoute in die artikel verskyn het.**

# Radio-Puk speel nog

**Die nuwe bestuur van Radio-Puk bestaan uit mnr. Danie de Kock (Voorsitter), mnr. Stephen Theron (Ondervoorsitter), mej. Martella Hart (Sekretaresse), mnr. C. Rakitzis (Penningmeester), en drie hooforganiseerders. Hulle is mnre. Hendrik Olivier (Programme), Gerrit Schoonhoven (Omroepers), en Johan Maartens (Tegnici).**

Mnr. Theuns Steyn is die SSR-lid verantwoordelik vir Radio-Puk.

Die nuwe leiers van Radio-Puk sal net plate speel tot die einde van die jaar, aangesien bloktyd en die eksamen reeds op hande is. Sodra die PU volgende jaar open, sal die omroepers finaal opgelei word, sodat Radio-Puk in alle erns kan begin funksioneer.

INTER-UNIVERSITÊR

# Witsies wil Persraad verander

**'n Ondersoek wat geloods is deur vier BA-studente van die Universiteit van die Witwatersrand na die huidige status van die Persraad, het bevind dat indringende veranderings nodig is.**

Die verslag sê dat die Raad altyd oop sal luister na kritiek, maar dat drastiese veranderings in die grondwet veel kan bydra om die Raad se beeld te bevorder.

Die regering duld, volgens die ondersoek die huidige opset omdat die Raad jaarliks die vereiste aantal koerante aan die pen laat ry. Dit is dus 'n middel waarmee die pers geteister word.

Volgens die ondersoek kan die Raad slegs 'n rol in Suid-Afrika speel indien dit werklik onafhanklik is met 'n gedragskode sonder politieke of kwasi-politieke elemente, en solank hy hom met die beskerming en handhawing van persnorme bemoei.

Hulle beveel verder aan dat dié wat oor klagtes beslis, kennis moet dra van die koerantwese.

Klagtes moet in alle gevalle eers aan die redakteur van die betrokke publikasie gerig word. Indien koerante die geleentheid gegun word om foute self reg te stel sal baie tyd, geld en ongerief gespaar word.

Hulle voel verder dat boetes nie meer as R200 behoort te beloop nie en geen joernalis behoort diskriminasie aan te moedig nie.

# UWK beboet studente

**Studente aan die Universiteit van Wes-Kaapland het onlangs in opstand gekom omdat hulle boetes opgelê is aangesien hulle nog nie klas- en losiesgelde vereffen het nie.**

Ongeveer 1 500 studente het beswaar gemaak teen die R50-boetes wat hulle moet betaal, op grond van die feit dat baie studente nog nie hulle beursgelde ontvang het nie.

Afgevaardigdes na die rektor, dr. R.E. van der Ross, het uitstel tot 16 Oktober gekry. Daarna sal die boete van R50 opgelê en eksamentoelating geweier word.

Die administrasie beskou die ontevredenheid as onregverdig aangesien alle studente lank voor die tyd in kennis gestel is dat gelde op 12 Oktober vereffen moet wees.

NOU OOK

**Ruikers, blomme, plante**

op die Bult

**HUIS EN TUIN**



TEL. 4641/7078 TOMSTRAAT 82

Wesvalia Boekhandel

**Tomstraat 84** **Tel. 6660**

*Verskaffers van opvoedkundige boeke en skryfbenodigdhede.*

**TROU IN GOIINGSAK — WATWOU;**

Daar is 'n wonderlike trourok by Annemarie wat jy kan huur of laat maak by telefoon 5501 Parys.

Turkstra

**BAKKERY**

SMAAKLIKE VLEISPASTEIE